# 23 September 2023 - Lesing 134 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Hernude kluistering is ‘n gevolg van die geestelike dood**

**NO: 7591** Die geestelike dood vereis ‘n kluistering in die materie, dit wil sê, ‘n geestelike wese wat ten prooi geval het aan die dood, wat in die dood bly vassteek en weer in die harde materie **ingekluister** moet word om langsaam weer tot lewe te kom.

Openbaring 20

*1 EN ek het 'n Boodskapper uit die Hemele sien neerdaal, met die* ***sleutel van die Afgrond*** *en 'n groot ketting in sy hand.*

*2 En hy het die Draak gegryp - die ou slang/Nagash wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom* ***gebind*** *duisend jaar lank,*

*3 en hom in die Afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.*

Sodra die gees nog ‘n klein vonkie lewe in homself het, word alles probeer om hom vêrder na die lewe te lei en dit kan ook tot gevolg hê dat die wese dan die **kluistering in die materie gespaar bly**, sodat hy tog langsaam tot lewe kan kom, al is dit ook eers na ‘n eindelose lang tyd.

Maar dit kan ook wees dat die wese volkome verstar, dat hy steeds vêrder wegsink in die diepte in - wat baie siele in die ryk hierna binnelaat. Dan word die geestelike substansie van die wese opgelos en weer in die harde materie - **in die skeppings op die aarde - ingesluit.** En hy moet ‘n uiters kwellende weg gaan om weer tot lewe te kom.

En net so kan die mense op die aarde in die eindtyd in hulle geestelike toestand wegsink, hulle kan in vrye wil steeds meer op die diepte afstuur, hulle kan hulself heeltemal oorlewer aan die meester van die duisternis, sy diens aanhang en selfs in uiterste duisternis versink.

En dan is dit ewe-eens noodsaaklik om die siele op te los in ontelbare partikeltjies en weer **in te sluit in die skeppings;** en hulle moet weer die weg van die positiewe ontwikkeling gaan deur tallose omvormings, totdat hulle weer ontwaak tot die lewe.

En dan het die geestelike dieptepunt ingetree, - aan die eindtyd is die geestelike dood duidelik sigbaar en sowel op aarde, asook in die hiernamaals word alles onderneem om nog enkele vonkies lewe aan te wakker, om die lewe wat nog voorhande is, te versterk en te verhinder dat hulle weer die dood ten prooi val.

Want dit is ‘n tyd van eindelose kwellinge waaraan die gees dan weer blootgestel word, wanneer hulle **opnuut in hierdie vorm gekluister word**. En die Liefde en Erbarming van God geld ook vir die wese wat die allerdiepste gesink het en Hy sal hom daarteen wil behoed.

Maar waar Hy die vrye wil van die geestelike wese in die weg staan, moet die verlossingsplan van God deurgevoer word, waarvolgens hy ‘n hernude kluistering in die materie nie sal kan omseil nie. Sou die mense presies daarmee bekend gewees het, dan sou hulle waarlik alles daarvoor gedoen het om die geestelike dood te ontvlug.

**Maar hulle neem geen kennis daaroor aan nie, hulle glo nie in ‘n voortlewe hierna nie**, hulle glo nie daaraan dat hulle self voor God verantwoording sal moet doen nie en hulle **glo ook nie aan ‘n God en Skepper** wat eendag verantwoording van hom gaan eis nie.

Maar die “ek” kan nie meer vergaan nie en ooreenkomstig sy toestand, is sy verblyf in die dood, behalwe dat hy in die dooie toestand nie meer van homself bewus is nie, maar dat hy slegs **die kwellinge van die gekluisterde toestand bespeur**, omdat hy as oorspronklike vry geeswese geskape was. Hy kan egter ook nie in sy dooie toestand verplaas word na waar daar lewe is nie, **omdat hy die toestand van dood vrywillig gekies het** en daar nou aan sy wil gevolg gegee word.

Die vrye wil is ewenwel ‘n toestand van geluksaligheid, die gekluisterde toestand ‘n toestand van kwelling.

En as mens **kies die wese self** sy toestand. En die Liefde en Wysheid van God laat hom sy vryheid toe, maar help hom op elke denkbare wyse om as mens die ewige lewe te bereik - soos Hy ook deur die verbanning in die materie weer Sy hulp ten deel laat val, **sodat die dooies weereens tot lewe kan ontwaak**.

Die Liefde van God geld vir al die eens gevalle geeste en Sy volg hulle ook in die diepte in en help hulle weer omhoog, maar Sy is heel besonder werksaam in die tyd waarin die wese weer sy ‘ek’ bewussyn en sy vrye wil teruggekry het - in die tyd as mens, wat dan sy aanvanklik nog dooie toestand verander na ‘n toestand van lewe.

**Maar die vrye wil van die mens bly onaangetas, dit word eerbiedig** en sy vrye wil bepaal of die wese definitief sal vrykom van sy uiterlike vorm of dat sy vorm homself weer sal verdig, sodat hy weer na die harde materie sal terugkeer. Dan het die wese die geestelike dood ten prooi geval en is ‘n **eindelose lang tyd daarvoor nodig**, totdat hy homself opnuut in die genade van die beliggaming (as mens) bevind en vir homself die lewe kan verwerf. Amein.

## Die skielike einde van `n wulpse meisie

***Deur Abba Vader aan Jakob Lorber op 6 Augustus 1847 in die boek "Oor die drumpel van die dood".***

Hier volg nog `n vroegtydige dood, en wel van `n jong meisie wat `n **erge modesot was** en haar op `n bal teveel aan dans oorgegee het om daarmee `n jong, ryk bruidegom in te palm. Maar in plaas daarvan het sy haar in `n vroeë dood ingedans.

`n Jong, buitengewone bevallige meisie, met `n pragtige liggaam van negentien jaar, word uitgenooi na `n vername geselskapsbal, wat die uitnodiging, natuurlik met die toestemming van haar ouers, baie bereidwillig aanneem.

Onmiddellik word die modewinkels grondig deursoek, waar daar onder duisend artikels, tog nog gelukkig één artikel te vinde was, wat ons uitgenooide skone sou beval. Nou gaan sy na die belangrikste mode kleremaker met die bedoeling om die jurk, nie net volgens die laatste Paryse of Londense nie, maar as dit moontlik was, volgens die laatste Mediterreense of New Yorkse mode te laat maak. Want op so 'n stralende bal moes mens tog met iets buitengewoons verskyn, om groot opsien daarmee te baar en moet as `n uitsonderlike verskyning beskou word!

Die kleremaker sien die opdrag met angs en bewing tegemoet, want hy ken sy kliënt goed en weet hoe puntenerig sy by sulke geleenthede is. Hy doen dus sy uiterste bes en maak werklik `n meesterstuk van `n baljurk, tot volle tevredenheid van sy klant. Die jurk kon sonder korset gedra word en tog met baie fyn elastiese bande die liggaam so strak saamtrek, dat ons heldin rondom haar middel dunner was as om haar slanke hals.

Hierdie New Yorkse modieuse japon was egter die oorsaak van haar vroeë en bykans skielike dood; want toe sy die koningin van skoonheid en grasie op die bal was, dans sy soveel met **`n jong, ryk aap, wat buitengewoon in haar smaak val,** dat daar `n groot bloedvat in haar te styf saamgeperste longe bars en sy as gevolg van die hewige bloedverlies wat daardeur ontstaan het, binne enkele minute `n lyk was.

Toe sy op die dansvloer inmekaar sak en daar `n stroom bloed uit haar roosrooi mond golf, tot ontsetting van die talryke, ook nie so lossies ingesnoerde meisies en dames nie, haas haar ouers, verwante en artse natuurlik na haar toe, ruk die klere van haar lyf af, giet yskoue water oor haar heen en gee haar medisyne, wat sy egter, aangesien sy volkome dood was, natuurlik nie meer kon inneem nie.

Almal huil en weeklaag luid. Die ouers en die ridderlike aap van `n aanbidder trek van wanhoop hulle hare uit hulle hoof. Ander vervloek so 'n noodlot en ander beklaag weer die ongelukkige. Baie verlaat die danssaal en neem `n heilsame skrik saam huistoe, wat natuurlik niks meer uitwerking het, as by muise wat deur `n geweerskoot van die dak af gejaag word nie.

Hier in die geval sal ons **in die geesteswêreld** nie veel van belang te siene kry nie; maar desondanks moet julle sien hoe sulke oorgange na die geesteswêreld lyk. Kyk, daar lê ons heldin nog inmekaar getrek op die met bloed besmeerde grond, en op `n afstand sien julle `n engelgees staan, wat die arms voor sy bors gekruis het. Sy gelaat verraai droefheid, d.w.s. `n soort weemoed, wat so 'n **beskermgees** voel by sulke gevalle van opperste dwaasheid van die mense, wanneer hy, met al sy sorg, hulle nie kan help nie.

Maar wat sal hierdie treurende engel nou hier doen? Kyk, hy gaan na die meisie toe, wat ook in die geesteswêreld as `n lyk sigbaar is. Nou is hy by haar en sê: 'O, jou dwase wese! Wat moet ek nou by jou opwek, **aangesien alles aan jou dood is**, waar ek ookal kyk! O Heer, sien genadig op haar neer! Hier is die krag wat U my verleen het nie toereikend nie; strek daarom U almagtige hand uit en doen met hierdie dwase vrou na U welbehae!'

Kyk, daar kom al `n ander, **baie vurige engel!** Nou is hy daar, en kyk, sy vuur gryp die dooie aan en verteer haar in `n oogwenk tot as (in die natuurlike wêreld kan dit nie opgemerk word nie, **omdat hierdie handeling slegs die sieleliggaam betref).** Nou begin daar in die as iets te beweeg. Die engel bid bokant hierdie as. Die laaste woorde van sy gebed is: 'Meester, laat U wil geskied!'

Daarna verlaat die tweede engel die as, wat steeds sterker beweeg; maar die eerste engel bly. Die beweging is niks anders as die **opnuut rangskikking** van die geheel verwoeste, verstrooide en volslae **ontredderde sieledeeltjies,** wat nou regstreeks deur My krag gebeur. Nou sal ook dadelik blyk, hoeveel en wat daar nog van die siel van die meisie oorgebly het!

Kyk, nou styg daar `n donkergrys wolkie op! Die wolkie kry steeds meer vorm. En kyk, daar sien ons al `n gedaante, wat julle stellig met niks soortgelyks op aarde kan vergelyk nie.

Die hoof lyk soos die van `n vlermuis, die liggaam lyk soos die van `n reusagtige sprinkaan, die hande is soos gansvoete, en die voete lyk soos die van `n ooievaar! Hoe beval hierdie mode julle nou, as vrug van die wêreldse mode? Die mode pla egter nie so erg nie; maar dat hierdie dwase vrou, byna soos `n selfmoordenares, miskien nooit die liggebiede van die hemel sal betree nie, dit is iets anders!

Daar sal waarskynlik enkele honderde jare verloop, voordat sy weer `n menslike gedaante sal kry, en wel slegs op `n baie pynlike manier!

Daarna sal sy in die geestesryk wees wat albino's by julle is, **naamlik ligsku**.

Verder is hier niks meer te sien en te leer nie, daarom die volgende keer `n ander voorbeeld.